HOOP EN HERSTEL DEEL 5
6 November 2005
Ds Freddie Schoeman

Onderwerp jouself vrywilliglik aan elke verandering wat God in jou lewe wil maak en vra Hom om die lelike plekke in jou siel weer mooi te maak.

Lelike plekke in jou siel is dit wat maak dat jy soms nie so mooi optree nie. Dat jy dinge doen en sê wat skade doen en wat jy later wens jy nie gedoen en gesê het nie.

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. (Matt 5:6)

http://www.south-pole.com/p0000097.htm

1908/8 Ernest Shackleton (Heart of the Antarctic) – op pad terug nadat hulle hoop opgegee het om die Suidpool te bereik – hulle praat oor kos, die beste maaltye wat hulle ooit gehad het, die beste disse ens. 127 dae.

Mense van Palestina het geweet wat honger en dors is. Hulle kon met Jesus se woorde identifiseer.

Vandag: **A child still dies of hunger every five seconds, eight years on from a pledge to halve the world's hungry by 2015, a United Nations agency has said.**

http://news.bbc.co.uk/1/hi/world/africa/4078003.stm

All but one of the 16 hungriest nations are in sub-Saharan Africa



As ons nie honger of dors is nie – as ons basiese behoeftes vervul – waarna honger en dors ons dan? Waar is ons skat? Want waar ons skat is – daar is ons hart.

Ons streef na groter en beter – ons lewensstandaard moet al hoe hoër en hoër. Ons wil net die beste vir ons kinders hê ens. ens.



Ons is verbruikers. Adam Smith (een van die grondleggers van die vrye mark stelstel http://www.blupete.com/Literature/Biographies/Philosophy/Smith.htm) het die mens beskryf as "acquisitive creature"

Hoe speel jy Monopoly?

Ons laat toe dat die wêreld ons agenda stel! (Advertensies – die wêreld dikteer ons "wants and desires"

You wil never be satisfied until you want what God wants (Lord, our hearts are restless until they find their rest in you - Gebed van Augustinus)

Jesus is re-directing our desires – he wants you heart to change – he wants you to make the changes necessary so that you want what he wants.

'n Motorwerktuigkundige en 'n hartspesialis praat op 'n keer met mekaar. Die motorwerktuigkundige kla: "Ek is ook die heeldag besig om "operasies" te doen, kleppe te vervang ens. Hoekom word jy so baie betaal en ek so min?" "Wel," sê die dokter, "probeer jy doen wat jy doen terwyl die enjin nog aan die loop is!"

Een van die grootste struikelblokke is die feit dat die enjin nog aan die loop is! Om verandering in ons lewens te bewerkstellig terwyl ons nog in die lewe is – in die wêreld van oomblik tot oomblik met al sy versoekings – dis moeilik! Maar dit is moontlik.

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. [2] *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.* (Rom 12:1-2)

Dit gaan vandag oor lewensvernuwing. Hoe om God toe te laat om jou van binne uit te verander en nuut te maak. Die pad na herstel behels noodwendig verandering en vernuwing. Dis terselfdertyd opwindend maar ook 'n bietjie skrikwekkend.

Ek gaan fokus op drie dinge:

- Wat het die lelike en stukkende plekke aan my siel veroorsaak?
- Hoekom dit so moeilik is om dit gesond te maak.
- Hoe ek die Here kan toelaat om dit weer mooi en gesond te maak.

WAT HET DIE LELIKE EN STUKKENDE PLEKKE AAN MY SIEL VEROORSAAK?

Hoe het ons geword wat ons is? Hoekom is ons wat ons is? Drie dinge het ons gemaak wat ons is. (Vgl. die sg. "nature vs nurture debat)

1. Biologiese faktore

Oorerwing. Ons het sommige mooi goed van ons ouers geërf en sommige minder mooi goed.

2. Opvoedingsfaktore

Die manier waarop ek grootgemaak is. Dit wat ek geleer het by ander. Ervarings wat ek gehad het.

3. Keuses

Die keuses wat jy maak lei naderhand tot gewoontes. En gewoontes kan mense maak of breek want gewoontes vorm jou karakter / siel.

Character is the sum and total of a person's choices.

Fitzwater, P. B.

HOEKOM IS DIE SO MOEILIK OM DIE LELIKE PLEKKE WEER HEEL EN GESOND TE MAAK?

1. Want dit het deel geword van wie ek is.

2. Daar is 'n verskuilde beloning (pay-off)

3. Die Satan weerstaan dit

HOE KAN EK DIE HERE TOELAAT OM MY SIEL WEER MOOI EN HEEL TE MAAK?

1. Fokus op een lelike plek op 'n keer

Moenie al die dinge wat jy wil verander gelyk probeer nie. Kies die een wat die meeste skade doen op die oomblik. Werk daaraan. Kanse is dat dit ook 'n positiewe effek sal hê op die ander. Oorwinning oor een probleem motiveer jou vir die ander. Moet momentum bewerkstellig, en dit gebeur aanvanklik stadig.

2. Fokus op oorwinning een dag op 'n keer

"Gee ons vandag ons daaglikse brood". Nie "maandelikse" brood nie. Voetjie vir voetjie oor die "Rambo Brug". Here, gee my krag om net vir die volgende uur / drie ure die regte ding te doen, sê, dink.

3. Fokus op God se krag, nie op my wilskrag

Die meeste self-help boeke sê dieselfde: om jou lewe te verander moet jy wilskrag aan die dag lê. (Stephen Covey: wees pro-aktief; benut die ruimte tussen stimulus en respons. Tony Robbins: jy kan jou lewe verander in 'n oomblik: neem net 'n besluit. Jack Canfield: neem verantwoordelikheid vir jou eie lewe.)

Net een probleem: dit werk nie. Lei net tot verdere skuldgevoelens en negatiewe selfpraat en veroorsaak 'n afwaartse spiraal. Hoekom? Ons is vasgevang in die greep van die bose. Paulus: die goeie wat ek wil doen, doen en nie en die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek (Rom 7)

Daar is egter 'n oplossing! Paulus: Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Christus!

Fil 4:13 – Ek is tot alles in staat deur Christus wat vir my krag gee.

Gee jou probleme vir die Here. (Beeld van vullisverwydering)

4. Fokus op dit wat ek wil hê en nie op dit wat ek nie wil hê nie.

[8] *Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig.* (Fil 4:8)

[2] *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.* (Rom 12:2a)
Gebruik die Skrif om jou denke te herprogrammeer. Skryf 'n vers op een kant van 'n kaartjie (bv. Fil 4:13) en op die ander kant die positiewe toepassing daarvan op jouself. (Bv. "Ek kan alle struikelblokke oorkom want die Here gee vir my krag om dit te doen.)

5. Fokus op goed doen en nie goed voel nie.

Dade wek gevoelens. Ons hoef nie te wag totdat ons reg voel voordat ons die regte ding te doen nie.

6. Fokus op mense wat my kan help, nie verhinder nie.

As jy nie gesteek wil word nie, bly weg van die bye. Daar is mense in jou lewe wat jou aftrek, nie optel nie; wat jou motiveer om te volhard in skadelike gewoontes eerder as andersom. Bly weg van sulke mense.

Kry ondersteuning. Dit is waarom ondersteuningsgroepe so belangrik is.

7. Fokus op vordering, nie volmaaktheid nie.

[6] *Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.* (Fil 1:6)

Brughoof. D-dag invalle in Normandië. Net 'n kwessie van tyd.

Ons verwag nie van 'n sewe-jarige om soos 'n sewentien-jarige op te tree nie.